## AFDELING C1 : VEILIGHEID, VEILIGHEIDSTRUKTURE EN TOEPASSING VAN REËLS

### 1. WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie Afdeling van die Reëls, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

1.1. **"Orania Veiligheidsdienste"**: Orania Veiligheidsdienste (Edms.) Bpk. met maatskappy registrasienommer 2011/008748/07 en PSIRA Registrasienommer 2274802 en word ook vir gerief hierin na verwys as "OVD" asook enige opvolger in titel van OVD, terwyl die "OVD direksie" verwys na die direksie van OVD.

1.2. **"Orania Weerbaarheidsvereniging"** ŉ nie-winsgewende vereniging opgerig as liggaam met ŉ afsonderlike regspersoonlikheid wat onafhanklik van sy lede en ampsdraers bestaan, met ŉ eie Grondwet soos aanvaar deur sy lede en waarin die vereniging se omskrywing en oogmerk meer omvattend uiteengesit word**.**

1.3. **"Orania Dorpsgebied"** is daardie gedeelte van die groter Orania gebied wat onder die beheer van OAB is en derhalwe deel van die aandeleblok soos geregistreer as Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. uitmaak.

1.4. **"OAB"** as die afkorting wat gebruik word om Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. te beskryf, synde ŉ aandeelblok behoorlik sodanig geregistreer en wat as privaat maatskappy handel dryf, wat as eienaar van die eiendom onder sy beheer hierdie Dorpsreëls uitreik en bestuur en meer prakties deur die dag-tot-dag funksionering van die Dorpskantoor wat deur die Dorpsraad bestuur word.

1.5. **"GOS"** synde die Gesamentlike Operasionele Sentrum wat van tyd tot tyd en soos omstandighede vereis optree om veiligheid- en verwante uitdagings te bestuur en onder wie se bevel en beheer alle veiligheidstrukture vir die duur van die GOS sal wees.

1.6. **"Dorpsbestuurder"** is die uitvoerende hoof van OAB.

1.7. **"Strafproseswet"** die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (soos gewysig).

1.8. **“Veiligheidsbeampte”** enige sodanige beampte wat aangestel word deur OVD en met die bevoegdhede beklee wat uit die amp voortspruit asook enige ander persoon wat ingevolge hierdie reëls of enige toepaslike wetgewing en/of regulasies en/of bywette en/of reëls soortgelyke bevoegdhede in Orania verkry en/of rol vervul.

1.9. **“Veiligheidswerk”** beteken veiligheidsverwante aktiwiteite binne georganiseerde verband en op Orania Dorpsgebied aktief uitgeoefen, hetsy as lid van ’n klub of organisasie of instelling, wat insluit die opleiding van persone.

## 2. INLEIDING

2.1. In ooreenstemming met die doelstellings van hierdie Reëls en die bestaansdoel van Orania, beywer die gemeenskap van Orania hom om stigtelik, ordelik en regsgefundeerd in harmonie met mekaar, met besoekers asook bure van die gemeenskap van Orania te leef.

2.2. Die gemeenskap en inwoners van Orania werk en streef daarna om in veiligheid en in ’n omgewing waar openbare orde heers te woon, te werk, te leef en te handel.

2.3. Dit is nodig vir Orania om behoorlike strukture en prosesse te implementeer om die algemene veiligheid van die gemeenskap asook indiwidue binne die gemeenskap te verseker en om klagtes te ondersoek en om misdade te voorkom binne die raamwerk voorsien deur die toepaslike wetgewing.

2.4. Die Direksie van OAB is gemagtig en bevoeg om alle nodige en regmatige stappe te neem om sodanige strukture en prosesse te implementeer om aan die oogmerk soos in hierdie reëls bedoel te voldoen en is insgelyks bevoeg om enige gedeelte van hierdie bevoegdhede te delegeer na enige persoon, liggaam, organisasie of entiteit om behoorlike uitvoering en toepassing hieraan te gee.

2.5. Alle persone wat binne veiligheidstrukture binne Orania optree, hetsy as veiligheidsbeampte by OVD, hetsy as lid van die Orania Weerbaarheidsvereniging, tree

onder die opperbevel van die Dorpsbestuurder op, welke Dorpsbestuurder of sy gedelegeerde ook as hoof van die GOS soos van tyd tot tyd mag nodig wees sal optree en waartydens vir die duur van die GOS alle veiligheidstrukture onder die bevel en beheer van die GOS sal val en optree.

2.6. Die GOS sal alle stappe mag neem en alle magte en bevoegdhede hê wat redelik onder die omstandighede vereis word ten einde 'n dreigende of werklike gevaar of risiko te bestuur, asof sodanige stappe wat geneem word en sodanige magte en bevoegdhede spesifiek deur die OAB direksie aan die GOS gedelegeer is, met dien verstande dat die OAB direksie ter eniger tyd sekere magte of bevoegdhede van die GOS kan opskort of stappe geneem tersyde kan stel.

2.7. Die Hoof: Veiligheid, of sy gedelegeerde, is vir die daaglikse operasionele bestuur van veiligheid en verwante werksaamhede die bevelvoerder en funksioneer sodanig met die gedelegeerde bevoegdheid in die verband. Alle veiligheidstrukture en persone binne sodanige strukture, val derhalwe onder die operasionele bevelvoering van die Hoof: Veiligheid of sy gedelegeerde.

## 3. STRUKTURE VERANTWOORDELIK VIR VEILIGHEID, ORDE EN DIE TOEPASSING VAN REËLS

3.1. Die direksie van OAB as die verkose gesagsliggaam van die Orania Dorpsgebied sal die bevoegdheid hê om reëls uit te vaardig en die nakoming van die reëls af te dwing ten einde veiligheid en orde binne en rondom Orania en omgewing te bevorder.

3.2. OVD, 'n volfiliaal van OAB, of enige soortgelyke entiteit wat deur die OAB direksie van tyd tot tyd aangestel mag word, sal kragtens gedelegeerde magte verantwoordelik wees vir alle aspekte van die veiligheid van Orania Dorpsgebied en sy inwoners. Wat die restant van Orania Grondgebied betref, sal OVD kragtens dienste-ooreenkomste verantwoordelik wees vir daardie aspekte van veiligheid waartoe kontraktueel ooreengekom mag word en sal die bevoegdhede van OVD dienooreenkomstig na sodanige ander grondentiteit uitbrei.

3.3. Die gedelegeerde bevoegdhede van OVD sluit die volgende in, met dien verstande dat hierdie lys van bevoegdhede nie beperkend uitgelê sal word nie en ook nie die OAB direksie beperk om enige verdere bevoegdhede volgens eie diskresie te delegeer of enige gedelegeerde bevoegdhede te herroep nie.

3.3.1. Die beskerming van Orania Dorpsgebied se inwoners en hul eiendom.

3.3.2. Die voorkoming van misdaad in Orania Dorpsgebied.

3.3.3. Die ondersoek van misdade in Orania Dorpsgebied.

3.3.4. Die skepping en instandhouding van 'n interne veiligheidsmag wat moontlike aanslae van buite kan afweer en verhoed.

3.3.5. Die voorsiening van die beste en gepaste opleiding en toerusting aan die veiligheidsbeamptes van OVD.

3.3.6. Die verlening van hulp tydens rampe, krisisse en ongelukke.

3.3.7. Die toepassing van nooddienste tydens rampe en ongelukke.

3.3.8. Die toepassing van wet en orde in Orania Dorpsgebied.

3.4. Die OAB direksie sal die bevoegdheid hê om enige ander persoon, liggaam, organisasie of entiteit te betrek en te bemagtig om funksies ten opsigte van die bovermelde aangeleenthede te vervul.

3.5. Vir die daaglikse operasionele uitvoerende bestuur van OVD word die Hoof: Veiligheid met alle nodige bevoegdheid en magte soos deur die OVD direksie bepaal beklee ten einde sorg te dra dat die werksaamhede van OVD en ander veiligheidstrukture na behore plaasvind. Die Hoof: Veiligheid word deur die Weerbaarheidsbevelvoerder as die onderbevelvoerder bygestaan en sal die Weerbaarheid Bevelvoerder alle bevoegdhede en magte wat aan die Hoof: Veiligheid kleef mag uitoefen waar dringende omstandighede dit in die afwesigheid van die Hoof: Veiligheid noodsaak, of waar hy sodanige delegasie vanaf die Hoof: Veiligheid ontvang.

3.6. Die Dorpsbestuurder, of in sy afwesigheid 'n ander bevelvoerder van die GOS, is geregtig om onder dringende omstandighede en waar die Hoof: Veiligheid om welke rede ook al onbeskikbaar is, 'n waarnemende Hoof vir Veiligheid aan te stel en wat dieselfde magte en bevoegdhede sal ontvang as wat die Hoof: Veiligheid normaalweg het.

3.7. Vrywilligers vanuit die Orania gemeenskap, wat nie OVD veiligheidsbeamptes is nie, kan by veiligheidstrukture aansluit waarvan die persone lid is van die Orania Weerbaarheidsvereniging en waar die strukture deur die Weerbaarheidsvereniging erken word.

3.8. Geen persoon kan en mag enige georganiseerde vrywillige veiligheidswerk op Orania Dorpsgebied lewer indien en waar die betrokke persoon, of struktuur of organisasie of instelling waarby die persoon van deel is, nie ook ŉ lid van die Orania Weerbaarheidsvereniging is of sodanig erken word nie. Privaat veiligheidstrukture wat nie lid van die Orania Weerbaarheidsvereniging is of sodanig geaffilieer is nie, maar ondersteuning aan Orania se veiligheidstrukture wil bied, sal te alle tye onder OVD of, waar van toepassing, die GOS se gesag asook bevel en beheer ressorteer. Lede van bovermelde nie-geaffilieerde privaat veiligheidstrukture sal eers by OVD of die GOS moet aanmeld en goedkeuring ontvang, voordat hulle in Orania Dorpsgebied mag opereer.

3.9. Alle veiligheidsverwante optrede deur persone wat ŉ lid van die Orania Weerbaarheidsvereniging is, sal onder die bevel en beheer van OVD val, en is die Weerbaarheidsvereniging se werksaamhede in ondersteuning van OVD en OVD se oogmerk en werksaamhede. Lede van die Weerbaarheidsvereniging ontvang sodanig gedelegeerde bevoegdhede soos deur die OAB direksie, die Dorpsbestuurder of Hoof: Veiligheid aangedui.

3.10. Die direksie van OVD sal sodanige funksies, verpligtinge en nakomingsvereistes soos deur wetgewing vereis vervul terwyl daar toesig oor die werksaamhede van OVD gehou word. Die direksie van OVD skakel met die Dorpsbestuurder en die direksie van OAB in die strategiese oorweging en koördinasie van veiligheidsbehoeftes en doelwitte.

## 4. JURISDIKSIE

4.1. OVD en alle Veiligheidsbeamptes asook enige ander bevoegde beampte en lede van die Weerbaarheidsvereniging sal die bevoegdheid asook magtiging hê om veiligheidsdienste te verrig op die Orania Dorpsgebied soos uiteengesit in die gedelegeerde magte aan elke betrokke persoon of instelling deur OAB of die Dorpsbestuurder verskaf, asook in

samewerking met die ander grondentiteite van die Orania Grondgebied ooreenkomstig terme en voorwaardes soos uiteengesit in dienste-ooreenkomste met hulle gesluit.

4.2. Die uitvoering van alle take en funksies van OVD of enige Veiligheidsbeampte of enige ander gemagtigde beampte of lede van die Weerbaarheidsvereniging in terme van hierdie Afdeling (saamgelees met die restant van hierdie reëls) sal in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en, in soverre moontlik, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens geskied.

## 5. VEILIGHEIDSBEAMPTES

5.1. Veilgheidsbeamptes sal deur OVD aangestel, opgelei en gekoördineer word.

5.2. Alle Veiligheidsbeamptes sal, binne die raamwerk en operasionele vermoëns deur OVD voorsien word van ’n duidelik uitkenbare identifikasie kaart en sodanige kleredrag of toebehore as wat hulle geredelik as Veiligheidsbeamptes uitkenbaar sal maak.

5.3. Niemand, behalwe ’n behoorlik aangestelde Veiligheidsbeampte, sal hom of haar voordoen as ’n Veiligheidsbeampte of vir enige rede die funksies vervul van ’n Veiligheidsbeampte nie, behalwe in soverre daartoe gemagtig deur OVD en die Direksie soos in hierdie reëls voorsiening gemaak word.

5.4. Niemand sal die reg hê om op enige wyse Veiligheidsbeamptes in die redelike en regmatige uitoefening en uitvoering van hulle pligte en/of bevoegdhede in te meng of hulle in die uitvoering daarvan te frustreer of te vertraag of te verhinder nie en moet sodanige Veiligheidsbeamptes ondersteun, gehoorsaam en bygestaan word deur inwoners van die Orania Dorpsgebied. Enigeen wat ’n Veiligheidsbeampte verhinder om sy/haar werk te verrig is, afhangende van die omstandighede, skuldig aan ’n oortreding.

## 6. BEVOEGDHEDE VAN VEILIGHEIDSBEAMPTES

6.1. Die OVD direksie in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en die bevoegdhede soos deur die OAB Direksie asook die Dorpsreëls na OVD gedelegeer, mag binne eie

diskresie sodanige bevoegdhede as wat nodig blyk te wees na Veiligheidsbeamptes delegeer.

6.2. Sonder dat die lys van bevoegdhede as beperking sal dien of beperkend uitgelê sal word en slegs ter opheldering van die toepaslike bevoegdhede waaroor ŉ gemagtigde Veiligheidsbeampte sal beskik, word die volgende lys van bevoegdhede in hierdie reëls gemeld:

6.2.1. Identifikasie van persone.

6.2.2. Ondersoek en identifikasie van verdagte voertuie en/of persone.

6.2.3. Ontvangs van klagtes.

6.2.4. Voorkoming en hantering van misdade.

6.2.5. Neem van verklarings.

6.2.6. Uitreik en bediening van kennisgewings.

6.2.7. Ondersoeke van klagtes.

6.2.8. Beheer oor misdaadtonele en skakeling met die Suid-Afrikaanse Polisiediens ten opsigte van misdade en misdaadtonele.

6.2.9. Toegangsbeheer tot Orania Dorpsgebied of enige gedeelte daarvan.

6.2.10. Patrollies uitvoer.

6.2.11. Deursoeking van voertuie, persele of enige houers ooreenkomstig die bepalings die Strafproseswet en ander toepaslike wetgewing met die doel om misdaad te verhoed of om oortreders te vervolg.

6.2.12. Beslaglegging op goedere of voorwerpe wat vermoedelik in ŉ misdaad betrokke was of kan wees ooreenkomstig die bepalings van die Strafproseswet en ander toepaslike wetgewing.

6.2.13. Arrestasies uitvoer.

6.2.14. Oproep van enige persoon tot samewerking en ondersteuning.

6.2.15. Enige ander bevoegdheid deur toepaslike wetgewing of regmatige delegasie deur die Direksie verleen.

## 7. REGTE EN BEVOEGDHEDE TEN OPSIGTE VAN ARRESTASIE

7.1. Ingevolge Artikel 42 van die Strafproseswet, is die maatskappy se direksie en, met gedelegeerde bevoegdheid, die dorpsbestuurder die entiteit of persoon in beheer van maatskappy-eiendom en is daardeur gemagtig om enige persoon aan te stel met die reg

om arrestasies op maatskappy-eiendom uit te voer. Veiligheidsbeamptes word per aanstellingsbrief deur die Dorpsbestuurder aangestel wat die houer daarvan magtig om die regte van arrestasie uit te oefen wat aan die bestuurder toegeken is in terme van Artikel 42(3) van die Strafproseswet.

7.2. ʼn Veiligheidsbeampte en lede van die Weerbaarheidsvereniging het dieselfde regte as ʼn privaat persoon wat arrestasies aanbetref.

## 8. VEILIGHEIDSBEAMPTE ONDERSKEI VAN GEWONE LEDE VAN ORANIA WEERBAARHEIDSVERENIGING

8.1. ‘n Veiligheidsbeampte is ʼn gemagtigde en bevoegde persoon wat die gedelegeerde bevoegdhede soos hierin uiteengesit kan uitvoer, maar nie alle lede van die Orania Weerbaarheidsvereniging beskik oor dieselfde bevoegdhede as ʼn veiligheidsbeampte nie.

8.2. Lede van die Orania Weerbaarheidsvereniging ontvang gesamentlik en afsonderlik sodanige magtiging en bevoegdhede soos wat deur die OAB direksie, die OVD direksie, die Dorpsbestuurder en Hoof: Veiligheid aan hul toegewys word en sal slegs by magte wees om volgens daardie gedelegeerde magte en bevoegdhede te handel.

## 9. UITVOER VAN BEVELE

9.1. Enige en alle veiligheidsbeamptes sowel as lede van die Orania Weerbaarheidsvereniging wat ʼn wettige bevel binne ʼn erkende gesagstruktuur verontagsaam tot die effek dat die veiligheid van die gemeenskap of die goeie naam van Orania in gedrang gebring word, of wat Orania aan politieke risiko blootstel, is skuldig aan ʼn oortreding en kan sodanige persoon ʼn gepaste vonnis ontvang wat insluit dat sy of haar verblyfreg opgehef word.

9.2. Enige en alle veiligheidsbeamptes sowel as lede van die Orania Weerbaarheidsvereniging wat in sy of haar hoedanigheid as lid van Orania se veiligheidstrukture sodanig optree dat ʼn onwettige of gevaarlike daad gepleeg word, met die effek dat die goeie naam van Orania in gedrang gebring word, dat Orania aan ʼn

politieke risiko blootgestel word of wat ’n gevaar vir die gees en/of liggaam van mede-Oraniërs of besoekers veroorsaak is skuldig aan ’n oortreding en kan sodanige persoon ’n gepaste vonnis ontvang wat insluit dat so ’n persoon se verblyfreg opgehef word.

**BOETES: VEILIGHEID, VEILIGHEIDSTRUKTURE EN TOEPASSING VAN REËLS**

Gemagtigde beamptes is kragtens die Reëls geregtig om onderstaande boetes uit te reik, of om enige oortreder onder die Dissiplinêre Kode vir enige oortreding wat nie hierin deur ’n boete gehanteer word nie aan te kla. Die Dissiplinêre paneel is geregtig om bo en behalwe onderstaande boete ook enige ander strafsanksie kragtens die Reëls asook Dissiplinêre Kode toe te pas, insluitend bykomende boetes soos nodig mag wees, maar waarvan die waarde daarvan nie ɸ5000 sal oorskry nie.

| | Beskrywing | Boete |
|---|---|---|
| 1. | Verhinder ’n veiligheidsbeampte om sy pligte uit te voer of na te kom. | Maksimum van ɸ5000 |
| 2. | Gee valslik voor om ’n veiligheidsbeampte of lid van die Weerbaarheidsvereniging te wees, terwyl sodanige persoon nie ’n veiligheidsbeampte of lid van die Weerbaarheidsvereniging is nie. | ’n Dissiplinêre verhoor op aanklag van bedrog met vonnis of die opheffing van verblyfreg, of ’n boete wat nie die bedrag van ɸ5000 oorskry nie. |
| 3. | Lede van nie-geaffilieerde privaat veiligheidstrukture wat sonder OVD of GOS magtiging op Orania Dorpsgebied opereer. | ’n Dissiplinêre verhoor met vonnis opheffing van verblyfreg, of ’n boete wat nie die bedrag |

| | | |
|---|---|---|
| | | van ɸ5000 oorskry nie. |
| 4. | Verontagsaam 'n wettige bevel met die effek dat die veiligheid van die gemeenskap in gedrang gebring word, of wat Orania aan politieke risiko blootstel. | 'n Dissiplinêre verhoor met vonnis opheffing van verblyfreg, of 'n boete wat nie die bedrag van ɸ5000 oorskry nie. Werkgewer kan steeds arbeidsregtelike remedies uitoefen. |
| 5. | Pleeg van 'n onwettige of gevaarlike daad, met die effek dat Orania aan 'n politieke risiko blootgestel word of wat 'n gevaar vir die gees en/of liggaam van mede-Oraniërs of besoekers veroorsaak. | 'n Dissiplinêre verhoor met vonnis opheffing van verblyfreg, of 'n boete wat nie die bedrag van ɸ5000 oorskry nie. Werkgewer kan steeds arbeidsregtelike remedies uitoefen. |